Genealogiese Genootskap onthul gedenksteen

VOLKSBLAD - Vrydag 20 Junie 2014

Die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika het vandeesweek ’n gedenksteen onthul op die plaas Joostenberg tussen Kaapstad en die Paarl waar die genootskap 50 jaar gelede op 18 Junie 1964 gestig is.

Van links is Johan Pottas (voorsitter van Vrystaat-tak en ook genealoog van die jaar vir 2014), dr. Hans Heese (seun van een van die stigterslede), Isabel Groesbeek (genoot van die genootskap), Petro Coreejes-Brink (president van die GGSA) en prof. Christo Viljoen (skrywer van die Viljoen-register en medepryswenner van die GGSA se prys vir beste publikasie vir 2014).

Die genootskap is gestig deur prof. Con de Villiers, dr. J.A. Heese, ds. Charles Hopkins, dr. Anna Böeseken, dr. en mev. Cor Pama, prof. André Hugo, dr. L. Hiemstra, mnr. J. van der

Byl, mnr. Philip Myburgh en sy vrou, Marjorie. Die plaas Joostenberg is vandag die eiendom van Philip Myburgh, seun van wyle Philip en Marjorie Myburgh.

Die gedenksteen is opgerig met geld wat deur die Myburghbond geskenk is en onthul deur Philip Myburgh, eienaar van Joostenberg, waar die genootskap in 1974 gestig is. Myburgh se pa, ook Philip, en ma, Marjorie, was onder die stigterslede van die genootskap.

Foto’s: Verskaf